e Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

29 Januarie 2008
Jaargang 1 – Uitgawe 42

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op
e-Hervormer

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

Stuur 'n e-pos na epos@hervormer.co.za of besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en kliek op die 'Teken in'-opsie.

VOORBLAD

Maak 'n verskil!

Naäman, die hoof van die leër van die koning van Aram, was 'n gesiene man wat die agting van die koning geniet het. Deur hom het die Here 'n oorwinning aan Aram besorg. Die man was 'n dapper soldaat, maar hy het melaats geword. **(2 Konings 5: 1)**

Daar word hoë verwagtinge gekoester van die nuwe Amerikaanse president, Barack Obama. Wêreldwyd bestaan die hoop dat hy 'n verskil sal maak in die huidige politieke en ekonomiese situasie. Ons moet hom, ons eie regering en ander leiers in gebed aan die Here opdra, sodat Hy aan hulle die wysheid sal gee vir die groot uitdagings en verantwoordelikhede wat op hulle wag.

Baie mense wat vandag 'n behoefte het aan hoop en 'n beter toekoms, kyk inderdaad op na Obama as die antwoord. Dit sal egter raadsaam wees om in gedagte te hou dat alle mense ook swakhede het. Geeneen van ons is volmaak nie. Dink maar aan die voorbeeld van Naäman in die Bybel. Hy was so 'n gesiene man, hy het die agting van die koning geniet, 'n dapper soldaat, die hoof van die leër. Maar dan staan daar: *...hy het melaats geword.* Op die ou einde bly ons almal net mense. Ons het almal ons swakhede en gebreke. Dit maak nie saak hoe belangrik ek is nie. Daarom is dit half ironies dat dit juis 'n onbelangrike slawedogtertjie is wat vir die magtige Naäman die raad gee hoe om van sy melaatsheid genees te word.

God gebruik nie net groot en belangrike mense om 'n verskil te maak nie. God wil ons ook gebruik waar ons elke dag leef en werk. Ons kan 'n verskil maak deur die hoop wat in ons leef elke dag uit te leef en te deel met die mense wat op ons pad kom.

Dr Gerhard Lindeque

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by ernest.vaneck@up.ac.za om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by www.nhk.co.za te plaas.

Beroep ontvang

Ds Frans Marais van Vaalharts na Grootvlei.

Beroep aanvaar

Ds Marlize Gasson van Durban-Suid na Benoryn.
Ds Arno Nieuwhof, beroepafwagtend, na die kombinasie Witbank / Witbank-Noord.

Beroep bedank

Ds Gerrie Botha van Viljoenskroon na Declerqville.

Vakante standplaas

- **Gemeente Oudtshoorn** beskik tans oor ’n vakante deeltydse standplaas. Die kerkraad wil graag van belangstellende predikante of emeriti hoor wat daar wil werk. Kontak die skriba, Antoinette Olivier, by 084 955 3106, of die konsulent, ds Ferdie Nortjé, by 044 871 2125 / 083 469 6862.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Piet Steenkamp** is steeds in afsondering na die hartoorplanting. Dit gaan onder omstandighede goed met hom en hy sterk geleidelik aan. Hy mag steeds geen besoekers ontvang nie. Die Kerk se voorbidding word vir hom en sy vrou gevra.

- **Prof Piet Geyser** aanvaar emeritaat op Sondag 1 Februarie. Hy lei die erediens om 09:00 in Gemeente Pretoria-Oos, waarna prof Theuns Dreyer die emeritaatakte aan hom sal oorhandig.

- **Prof Bieks Beukes** het gedurende Desember die lidmate in Kitwe besoek terwyl ds Piet Rautenbach, predikant van die gemeente, by sy gesin in die Republiek kom kuier het. Prof Beukes het by al die preekpunte in die uitgestrekte gemeente eredienste gehou. Zambië is rustig na die verkiesing van ’n nuwe president. Die koperpryse het gedaal en dit het meegebring dat verskeie gesinne die land verlaat het. Voorbidding word gevra vir die gemeente, wat sy werk onder moeilike omstandighede voortsit. In die gemeente gaan dit goed en mev Rautenbach sluit nou by haar man aan nadat sy ’n onderwyspos bekom het.

- **Mnr Jan Claassen**, voormalige predikant van die Kerk wat op die punt staan om weer tot die bediening toegelaat te word, se moeder is die afgelope week oorlede. Meelewing word met die familie betuig. ’n Vriend van Jan, ds Hennie van der Linde van Vliegepoort, het die begrafnisdiens gelei.

- **Gemeente Springs-Oos**, gestig op 9 September 1959, beplan tans die viering van hul 50ste bestaansjaar. Daar sal ook ’n gedenkblad verskyn, en oudlidmate wat moontlik oor foto’s en ander inligting beskik, kan dit aan die gemeente deurgee. Kontak die sekretariële beampte, mev Marieta Perkins, by 011 632 4691 of nhksoos@mwebbiz.co.za.

- **Gemeente Potchefstroom-Studente** se e-posadres het verander. Dit is nou potchstudente@telkomsa.net. Ds Rudy Denton se e-posadres bly onveranderd, naamlik rudy@nhk.co.za. Bring gerus die verandering aan op bladsy 49 van die 2009 *Almanak.*

- **Gemeente Oos-Moot** sal vanaf Februarie ’n vakature vir ’n orrelis beskikbaar hê. Aansoeke met ’n volledige CV kan per e-pos gestuur word aan ds Stephan van Tonder by **stephanvt@gmail.com.** Skakel hom by 083 415 5677 vir meer inligting.

- **Gemeente Wonderboom** het ’n vakature vir ’n orrelis. Aansoeke moet gerig word aan die skriba, Leon de Munnik, by Posbus 13599, Sinoville 0129 of wboom@nhk.co.za om hom te bereik teen 28 Februarie. Skakel die gemeentelike kerkkantoor by 012 567 3693, of mnr De Munnik by 012 567 4834, of ds Peet Esterhuizen by 012 567 6860 vir meer inligting.

- **Gemeente Hartebeeshoek** in Akasia (Pretoria) voer in Maart die Passiespele op. Al die akteurs, spreekkoorlede en sangers sal lidmate van die gemeente wees. Die uitvoerings is op Donderdag 5, Vrydag 6 en Saterdag 7 Maart om 19:00, en ’n middaguitvoering vir bejaardes om 14:00 op Sondag 8 Maart. Dit vind plaas in die kerkgebou, hv Plantain- en Oaklandsstraat, The Orchards, Akasia. Toegang is R20 per persoon. Skakel Estelle Bezuidenhout by 072 882 9922 vir meer inligting of om te bespreek.

- **Gemeente Weltevreden** hou op Saterdag 31 Januarie sy 10de jaarlikse padfietswedren. Die N14 tussen Krugersdorp en Pretoria sal van 05:00 tot 12:00 ’n miernes van bedrywigheid wees. Fietsryers kan nog Donderdag 29 of Vrydag 30 Januarie by Cyclelab in Fourways laat inskrywings doen. Motoriste word gewaarsku dat die N14 se linkerbaan in albei rigtings gesluit sal wees vir motorverkeer. Wees asseblief geduldig en ondersteun die fietsryers en die gemeente!

- **Gemeente Ottosdal** se Draf-en-Trapfees vind op Saterdag 31 Januarie plaas. Dit vind in die aand plaas op ’n stil pad wat met fakkels verlig word. Dieselfde oggend kan fietsryers aantree vir ’n padfietsren van 100 km, 40 km of 10 km, of ’n bergfietsren van 40 km. Meer inligting is beskikbaar op die webwerf http://www.ottosdaldrafentrap.co.za. Aanlyninskrywings asook inskrywings sal nog op die dag van deelname aanvaar word.

- **Gemeente Nelspruit** hou op Saterdag 31 Januarie die vierde Maroelafees op die kerkterrein in Belladonnastraat. Die fees begin reeds om 08:00 en sal tot laat aanhou. Toegang is gratis. Kontak Almarie van Rooyen by 083 465 7902 vir meer inligting.

BELASTINGVRYSTELLING

Alle gemeentes moes reeds aansoek gedoen het om belastingvrystelling! Indien u gemeente nog nie belastingvrystelling, soos beskryf in Omsendbrief 20/2008, geniet nie, moet u DRINGEND kontak maak met Elmar Struwig of Annerien Lewis by die sinodale kerkkantoor!

ANDER NUUS

- Die **eggenote van oudl Hannes Esterhuizen**, lid van die Kommissie van die AKV, het verlede naweek 'n hartaanval gehad. Sy word in die hospitaal in Mosselbaai behandel.

- Die Moderamen het besluit om twee **memorandums** wat as agtergrond gebruik sal word by die gesprek met 'n afvaardiging van die World Alliance of Reformed Churches (WARC) op 6 en 7 Maart, op die webblad te plaas. Die memorandums, een van die Raad vir Ekumene en een van die skriba, dr Malan Storm, sal ook aan ouderlingevergaderings gestuur word vir kommentaar. Dit geskied in ooreenstemming met 'n besluit van die AKV.

  Die volgende belangrike **vergaderings** vind plaas:

  Donderdag 29 Januarie
  - Die bestuur van Die Ondersteuningsraad
  - Komitee van die Kuratorium wat handel met beurslenings
  - Opening van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK)

  Vrydag 30 Januarie
  - Predikantepensioenfonds
  - Personeelpensioenfonds
  - Moderamengesprek

  Maandag 2 Februarie
  - Redaksie van *Konteks*

  Dinsdag 3 Februarie
  - Taakspan
  - Raad vir Apostolaat

  Woensdag 4 Februarie
  - Kinderhuis Dagbestuur
  - Raad vir Ekumene

  Donderdag 5 Februarie
  - Kommissie van die AKV
  - Raad vir Pastoraat en Presbiteraat
  - Komitee vir die Kerklied

- Daar word tans noodsaaklike instandhouding gedoen in die **Kerk se Argief** in die Dirk van der Hoffgebou. Gemeentes word versoek om nie voor 2 Maart enige argiefstukke na die Argief te bring nie, aangesien dit nie in hierdie stadium ontvang kan word nie. Dit sal ook waardeer word indien besoekers vooraf met die argivaris, mnr Nándor Sarkady, by 012 322 8885 in verbinding sal tree voordat hulle die Argief besoek.

- Die **evaluering van voornemende teologiestudente** vind elke jaar by die Universiteit van Pretoria plaas gedurende die Junie/Julie-skoolvakansie. Matrikulante en persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen vir evaluering om as student van die Kerk te studeer. Aansoekvorms kan aangevra word vanaf die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001; tel

012 420 5393, faks 012 420 4303; e-pos betsie.brits@up.ac.za. Die sluitingsdatum vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is 30 April.

- Die Ondersteuningsraad ondervind ’n groot behoefte aan **skoolbenodigdhede vir kinders**. Vanweë die swak ekonomiese toestande kan ouers nie meer self aan dié behoefte voldoen nie. Kontak Adri Bekker van Die Ondersteuningsraad by 012 325 2320 of 083 979 5517 as u kan help.

- Die Ondersteuningsraad benodig dringend ’n persoon wat op **vrywillige** basis (as deel van sy/haar bydrae aan die Kerk) as **webmeester** die nodige verantwoordelikheid sal neem vir die instandhouding van hul nuwe webblad. Belangstellendes kan dr Charmaine Fourie kontak by 012 322 8885 of 071 684 7796, of per e-pos by oraadpb@nhk.co.za.

- Daar is ’n pos in die **Durban-omgewing** beskikbaar vir ’n **au pair** om te help met die versorging van drie kinders (’n seun van 10, ’n dogter van 6 en ’n seun van 4 jaar). ’n Huishulp sal die fisiese versorging van die huis en kinders hanteer, maar ’n manspersoon word benodig om die kinders na en van hul skole te vervoer, leiding te gee met tuiswerk en toe te sien dat hulle na-uurse aktiwiteite bywoon. Die dogtertjie is funksioneel gestrem en hoewel sy ’n gewone skool bywoon, het sy addisionele hulp met haar tuiswerk nodig. Die geskikte kandidaat moet verantwoordelikheid openbaar, goeie verhoudinge met kinders kan bou en oor ’n geldige rybewys beskik. Ondervinding en selfs ’n kwalifikasie in kinderversorging sal ’n sterk aanbeveling wees. Die suksesvolle kandidaat sal gratis inwoning in die pastorie en etes ontvang, asook ’n klein salaris. Dit is ’n ideale geleentheid vir ’n student wat ’n korrespondensiekursus volg, aangesien hy die oggende tot sy beskikking sal hê om te studeer. Belangstellendes kan ’n CV stuur aan mev Mariaan Steenkamp by faksnommer 012 322 5787 of mariaans@nhk.co.za. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **Vrydag 30 Januarie**.

- Met die volgende uitgawe van die ***e-Hervormer*** (5 Februarie) begin dié nuusbrief se tweede jaargang, en daarmee ook ’n splinternuwe voorkoms! Gemeentes kan gerus hul lidmate nooi om in te teken – een van ons nuwe intekenaars, Wynand le Roux, laat weet juis soos volg: *Ek stel baie belang om die* e-Hervormer *te kry. Dit is baie interessant en mens weet sommer meer wat in jou kerk aangaan.* Al die vorige uitgawes sal ook van volgende week af via die Kerk se amptelike webblad beskikbaar wees.

AIM se akademiese jaar begin

Die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM) het op Dinsdag 27 Januarie weer met hulle werksaamhede begin. Die opening is waargeneem deur ds Peet Swanepoel, en die gasspreker was dr Kobus Labuschagne wat ’n voordrag gehou het oor Calvyn en sending. Studente wat in 2008 ’n gemiddelde prestasie van meer as 70% behaal het, is met boekpryse beloon.

’n Hele aantal predikante van die NHKA en die MRCC is betrokke by die opleiding van predikante aan AIM, en die dosente het na afloop van die opening vergader om hulle jaarbeplanning onder leiding van die direkteur van AIM, prof Natie van Wyk, te koördineer. Benewens die onderrig is ander belangrike sake ook bespreek: AIM se betrokkenheid by gemeenskapsprojekte, die moontlike verskuiwing van AIM, en die ontwikkeling van AIM se webblad.

AIM is entoesiasties om gedurende 2009 ’n tydskrif te loods waarin artikels geplaas sal word wat die bediening in die MRCC ondersteun. Daar is buitelandse fondse ontvang om die publikasie moontlik te maak. Die publikasie sal die personeel en senior studente van AIM geleentheid gee om navorsingsresultate te publiseer, maar die oogmerk sal altyd wees om artikels te publiseer wat op ’n praktiese manier die bediening in die MRCC kan dra.

ADVERTENSIES

Advertensies waarin ’n private individu of instansie die begunstigde is, kan in die *e-Hervormer* geplaas word, op die volgende voorwaardes:

- Dit bestaan uit teks alleen (geen grafika nie), en daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie.
- Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann by produksie@nhk.co.za, of per faks na 086 630 5153. Geen advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie.
- Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* verskyn elke Donderdag.

- Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. Daar kan ’n maksimum van drie agtereenvolgende plasings wees, of afgebroke een plasing per maand.
- Die koste is R100 per plasing, vir ’n maksimum van 50 woorde per advertensie.
- Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:

  Raad van Finansies
  ABSA Bank
  Tjekrekening nommer 020-000-287
  Takkode 632-005

Verwysing: SENTIK Ads

AGTERBLAD

Nuwe Lidmaatboek nou beskikbaar

Die nuwe Lidmaatboek is pas by SENTIK afgelewer. Dit het ’n vars, nuwe voorkoms, met ruimte vir foto’s van die lidmaat se doop, kategese, openbare geloofsbelydenis en huwelik. Die uitleg en sketse is gedoen deur mej Francis Coertse.

In sy voorwoord skryf ds Piet van der Merwe namens die Raad vir Gesinsorg: *Na 26 jaar se gebruik in die Kerk en na 18 herdrukke, het dit duidelik geword dat die Lidmaatboek vir homself as’t ware ’n plek in die Kerk verewig het. Die tyd het bewys dat die Algemene Kerkvergadering van 1976 ’n wyse besluit geneem het toe daar op die samestelling van hierdie bundel besluit is. Daar is reeds baie lidmate wie se ingebundelde herinneringsdokumente voltooi is en wat leef na die laaste hoofstuk van die Lidmaatboek.*

Gemeentes kan die nuwe uitgawe teen R35 per eksemplaar bestel van mev Susann van Zyl, by 012 322 8885 (tel), 012 322 7906 of sentik@nhk.co.za.

Redakteur: Prof Piet Geyser
Subredakteur: Dr Gerhard Lindeque
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Francis Coertse